HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ · SAAI OM TE OES

Oester JF
Afrikaanse Bylae

# Afrikaans word 100 jaar oud

## JF vier saam Afrikaans




Ansje Bekker

**Waar ook al daar Afrikaans is, is daar kans vir saam praat, saam luister en saam staan. Kans vir opbou... sonder ophou. Kans vir skep – vreesloos en skaamteloos. Kans om elke tree in een reusesprong te verander.**

Afrikaans vier in 2025 haar eeufees as amptelike taal. Hoewel ons die taal al vir honderde jare gebruik, vier ons op 8 Mei 2025 ’n besonderse mylpaal: 100 jaar sedert Afrikaans amptelik erken is.

Maar wat beteken dit juis wanneer ’n taal amptelike status verwerf? Dit beteken dat die taal deur die regering wetlik erken word vir gebruik in onderwys, regspraak, administrasie en openbare lewe. Vir Afrikaans het hierdie geskiedkundige oomblik op 8 Mei 1925 aangebreek — ’n oomblik wat die weg gebaan het vir die taal om te floreer in skole, universiteite, parlemente en selfs howe. Afrikaans het binne enkele dekades van ’n huistaal tot ’n volwaardige akademiese taal ontwikkel — een van die vinnigste taalontwikkelings ter wêreld. Dit is ’n merkwaardige prestasie, getuig van gemeenskappe wat trots, toewyding en vasberadenheid beliggaam.

Afrikaans is vandag een van Suid-Afrika se elf amptelike tale, en dié ryk nalatenskap word onder meer gevier met die Afrikaanse Taalmonument in Paarl. Die monument dien as ’n sigbare baken van hoop vir die ontwikkeling en erkenning van álle Afrikatale. Geïnspireer deur die natuurlike omgewing en Afrikaanse skrywers se beskrywings van die taal, het Jan van Wijk — die argitek — ’n simboliekbelaaide struktuur ontwerp wat organies met die inheemse fynbos versmelt. Water, rots en taalwortels vloei saam om ’n ewiggroeiende taalboom te vorm — stewig gewortel in Afrika.

Afrikaans is veelsydig, kleurvol en uniek. Dit bevat treffende taalverskynsels, boeiende woorde en betekenisvolle idiome. JF-leerders en -onderwysers is duidelik passievol oor Afrikaans. By JF het ons selfs ’n biblioteek, gestig deur juffrou Annali Wilken – ’n plek waar stories leef. Ons onderwysers se liefde vir die taal is aansteeklik... en dít is hoekom JF-leerders so gaande is oor Afrikaans! ’n Paar van hul gunsteling-Afrikaanse woorde sluit in: *lukraak, kraakvars, poenankies, sloertoer en flaterwater*.

Wat ’n heerlike skatkis van woorde!

Laastens — ’n interessante feit: Afrikaans word internasionaal as een van die maklikste tale beskou om aan te leer. Met ’n eenvoudige, moderne grammatika, geslagsvrye naamwoorde en ’n oorvloed beskrywende en idiomatiese uitdrukkings, is Afrikaans nie net toeganklik nie, maar ook ongelooflik kreatief. Jaarliks verruim ons die taal met oorspronklike, nuwe woorde – ’n bewys van Afrikaans se lewenskragtigheid en aanpasbaarheid.

**Mag 8 Mei vir elkeen ’n dag van viering wees – ’n dag om ons geliefde taal te eer! Dink gerus aan jou eie gunsteling-Afrikaanse woord, idioom of boek... en vier saam!**


Nuus
Mnr en Mej JF 2025 2


Nuus
Classic Clash 3


Personeel
Liefde op ’n krans 7

# Oester F

Die storie agter die stories

Skoolkoerant van Hoërskool Jim Fouché | Augustus 2025 | Jaargang 33 vol. 2 | Prys R15.00 BTW Ingesluit


# Van skoolklas tot wêreldklas

## Conrad dra meer as net gewigte – hy dra hoop



Conrad in aksie tydens die AWPC Nasionale Kampioenskappe.

Foto: Verskaf



**Jaco Deysel**

Daar was ’n oomblik van stilte.

Nie een van die honderd mense in die klein ou Benoni-skuur het dit gewaag om asem te haal nie. Voor hulle staan ’n sewentienjarige seun – ’n matrikulant, ’n vasberade glimlag, hande vol kalk en ’n stang swaar van yster. Hy buig. Asem diep in. En lig.

*Die stilte bars oop met gejuig. ’n Nuwe wêreldrekord.*

Maar die ware gewig wat Conrad van der Zwaard daardie dag opgelig het, was nie net staal nie. Dit was die somtotaal van elke vroeë oggend, elke seer spier, en elke oomblik van twyfel waardeur hy gekies het om te druk. Dit was die onmeetbare massa van deursettingsvermoë.

“Ek het in graad 5 begin oefen,” vertel Conrad. “Aanvanklik net om beter te raak in gewigstoot en diskus.” Maar wat begin het as bystand tot atletiek, het gou-gou ’n vlam van passie laat ontvlam. Die gewigte het swaarder geword en sy drome gróter.

Danksy Hoërskool Jim Fouché se eie afrigter, meneer Neil Murphy, het Conrad vinnig by Bloem Barbelle Club aangesluit, waar sy regte reis begin het.

“Ek het gou agtergekom: ek is nie net liéf vir krag nie – ek is gebore daarvoor.”

Reeds ná sy allereerste kompetisie, het Conrad vier Suid-Afrikaanse rekords gebreek. Daardie dag het hy nie net medaljes verower nie, maar hy het iets veel kosbaarders gevind: geloof in wat moontlik is.

“Van daardie oomblik af het ek geweet: ek gaan vir iets groter.”

En toe AWPC Nasionale Kampioenskappe aanbreek, het Conrad nie teleurgestel nie.

*Drie wêreldrekords. Een nasionale rekord.*

Die gewigte?

- Squat: 230 kg
- Benchpress: 130 kg
- Deadlift: 230 kg

Maar dis nie dié syfers wat sy naam in geheue gaan brand nie, maar daardie oomblikke tussen die asemhalings. En toe die 17-jarige JF-matrikulant drie wêreldrekords breek, het niemand nét spiere gesien nie. Hulle het vasberadenheid, karakter en geloof in aksie gesien.

“Daardie stilte net voor ek lig... en dan die oomblik daarna. Dis onbeskryflik. Ek was oorweldig met trots en dankbaarheid.”

Hoewel kragoptel dikwels as ’n alleenmansport beskou word, weet Conrad dat geen kampioen alleen staan nie. Sy span staan bankvas agter hom.

“My afrigters, Guy Conry en Bernice van der Westhuizen, en die ander klubatlete, is ongelooflik. Hulle help my en glo in my, selfs wanneer ek begin twyfel. En my ouers? Hulle is altyd daar. Elke kompetisie. Elke laat aand.”

Dit is duidelik dat hierdie nie net ’n sportprestasie is nie. Dit is ’n gemeenskap se triomf.

Wat beteken krag vir iemand wat wêreldrekords breek?

“Krag is karakter,” sê Conrad. “Dis die vermoë om weer op te staan na ’n mislukking. Om op te daag, al voel jy nie lus nie. Om nederig te bly wanneer jy wen en te leer wanneer jy verloor.”

Dít is die soort krag wat nie op ’n skaal gemeet kan word nie. Dit word in die hart geweeg.

Wat wag vorentoe? Conrad se volgende uitdaging lê oorsee: die Wêreldkampioenskappe in die VSA hierdie Augustus. En ja, nóg rekords.

“Ek wil wêreldkampioen word. Maar ek wil ook myself oortref.”

Na matriek droom hy van ’n loopbaan in fisioterapie en van ’n lang, verrykende kragoptel-loopbaan.

Wat sou die jonger Conrad sê as hy hom nou kon sien? “Hy sou stil wees ... en dan glimlag. En dan sê: ‘Hou aan. Ons is nog nie klaar nie.’”

Meer as staal. Meer as ’n rekord.

Conrad van der Zwaard het dalk yster opgelig, maar dit is sy storie wat swaar dra. ’n Storie van drome, opoffering, karakter en hoop. ’n Jong man wat bewys het: Jy hoef nie wêreldberoemd te wees om ’n wêreldrekord te breek nie. Jy het net ’n passie nodig en die moed om op te daag – elke dag.




Nuus — Mnr en Mej JF 2025 — 2




Nuus — Classic Clash — 3



Personeel — Liefde op ’n krans — 7

# Mnr en Mej JF 2025

## *A night at the Nile*



Ansje Bekker

**Die aand van Meneer en Mejuffrou JF is vir seker 'n datum waarna almal jaarliks uitsien, veral die finaliste. Die tema van 2025 was "A night at the Nile." Die skoolsaal is glansryk opgemaak met die mooiste Egiptiese dekor. Dié goue aand het gespreek van koninklikheid.**

Benita Jacobs het die verrigtinge pragtig gelei. Sy het beslis 'n aansteeklike energie en het die hele gehoor vermaak. Een hoogtepunt was toe 'n paar pa's uit die gehoor gevra is om op die verhoog te kom dans. Ek glo almal was aangenaam verras met die danspassies wat dáár uitgekom het. Breë glimlagte was alomteenwoordig. Zeezo Pheiffer, aan die einde van die aand as Mnr. Persoonlikheid gekroon, se pa het die grootste applous ontvang. (Nou weet ons waar Zeezo sy uitstekende karakter vandaan kry – aardjie na die vaartjie!)

Die finaliste se eerste uitrusting is gebaseer op Egiptiese kleredrag. Hulle het almal baie goeie eerste indrukke gemaak. Elkeen was geklee in goud en wit, en het van kop tot toon geskitter. Die meisies het daarna in skemerkelkierokke geparadeer. Hulle moes hulself voorstel en dan hul beste loopplankbewegings uithaal om die beoordelaars te beïndruk. Die manne, baie netjies en aantreklik, was toe volgende aan die beurt.

Laastens het die dames in lang rokke en die manne in deftige pakke na vore gekom. Hulle het besonders mooi gelyk. Die finaliste moes in hierdie laaste oomblikke ook elkeen 'n vraag beantwoord, byvoorbeeld: "Wat is iets wat niemand sal weet deur net na jou te kyk nie?" en "Hoe sal jy die verantwoordelikhede van Meneer/Mejuffrou JF hanteer?"

Die groot vraag wat almal eintlik wil weet... Wie het met die krone weggestap?

Meneer en Mejuffrou JF 2025 is Hanro Marais en Niqlynn Coetzee!

Hanro het ongetwyfeld 'n onvergeetlike indruk op die gehoor en beoordelaars gemaak. Hy was onmiddellik 'n "crowd favourite" ná hy homself voorgestel het met: "Ek is Hanro Marais en almal wil my hê." Hy het ook 'n baie sinvolle antwoord op sy vraag "Wat is een ding wat jy in Jim Fouché wil verander?" gegee. Die gehoor het aanklank hierby gevind en saamgestem met sy stelling dat hy graag die mure tussen sport en kultuur sal wil afbreek. Hanro het ook seker gemaak die aand gaan nie vervelig verby nie – almal het geskaterlag toe hy die verhoog "in styl" verlaat nadat sy broek se nate losgebars het. Hy het hom létterlik gate uit geniet!

Niqlynn was net so indrukwekkend en het almal beïndruk met haar voorkoms én persoonlikheid. Sy was deurlopend 'n skitterende en entoesiatiese finalis, en op die ou end die verdienstelike wenner. Sy het gesê dat sy altyd voluit deelneem en 100% gee in alles wat sy aanpak. Ons kon hierdie gesindheid definitief op die verhoog waarneem. Niqlynn het nie net weggestap met die kroon van Mej. JF nie, maar óók die titel van Mej. Persoonlikheid. Wat 'n goeie voorbeeld stel sy nie vir elke JF-leerder nie – as iemand wat mooi is van binne EN van buite.

Baie ironies was Adrian de Necker en Nerika Casselegio aan gewys as onderskeidelik Mnr. en Mej. Fotogenies, terwyl hulle as 'n paartjie ingeskryf was. Hierdie twee ken vir seker hulle "goeie kant!"

Natuurlik is daar ander wenners ook:

Baie geluk aan Carli Momberg (1ste prinses), Janien van Eeden (2de prinses), Franco Oberholzer (1ste prins) en Bendré Vermaak (2de prins).


*A night at the Nile* was onvergeetlik en baie spesiaal. JF is so trots op elkeen wat deelgeneem het en baie dankbaar vir elkeen wat kom ondersteun het.




**Die wenners straal van blydskap. Van links: Bendré Vermaak (tweede prins), Franco Oberholzer (eerste prins), Hanro Marais (Mnr. JF), Niqlynn Coetzee (Mej. JF), Carli Momberg (eerste prinses) en Janien van Eeden (tweede prinses).**

Foto: A. Human

# JF vier 66 jaar van tradisie, trots en tydlose treffers



Liechen Willemse

Op 16 Mei 2025 het Hoërskool Jim Fouché sy 66ste bestaansjaar gevier – 'n dag én 'n week vol vreugde, eenheid en goeie ou JF-gees!

Die verjaarsdagvieringe was die hoogtepunt van 'n hele week van pret wat vol aktiwiteite, geesvang en saamwees was. Die skool se gange het gegons van opwinding en kameraderie – soos net JF dit kan doen.

Die Vrydagoggend is afgeskop met donuts vir almal – 'n bederf wat dadelik vir glimlagte gesorg het. Daarna het ons behoorlik losgetrek met 'n danskompetisie waar die wenpaar – Janeli Saaiman en Hanro Marais, beide matriekleerders – die skare bekoor het en met die koektrofee weggestap het.

Mnr Henri Wilken, ons trotse skoolhoof, het ons herinner aan waar alles begin het: 1959. In sy toespraak het hy JF se geskiedenis met trots gedeel – van die skool se stigting tot die gewaardeerde instelling wat dit vandag is.

Ons het die skoollied met oorgawe gesing – daardie woorde wat elke JF-leerder in hul hart dra. En soos altyd was daar plek vir "Sweet Caroline", die lied wat lankal al deel van die meubels is, én "Summer of '69", wat hierdie jaar amptelik sy plek as nuwe musiek-"meubelstuk" verower het.

Die oggend is afgesluit met 'n energieke "Happy Birthday" aan ons geliefde skool – 'n eenvoudige gebaar wat juis wys hoe diep die trots by JF loop.

Maar die vieringe is nog nie klaar nie – ons maak gereed vir Vrydagmiddag en Saterdag se groot sportwedstryde, waar ons spelers hul harte op die veld gaan loslaat. Van rugby tot netbal – JF gaan wys hoekom ons nie net 'n skool met geskiedenis is nie, maar een met 'n toekoms wat klop van passie, trots en 'n onmiskenbare JF-gees.

Gelukkige 66ste, Hoërskool Jim Fouché – jy is goud werd!



**Personeel geklee in skoolklere tydens die week se verjaarsdagvieringe.**

Foto: A. Human

# Dit gaan mal by die Maskerbal!



Corlé Roos

'n Dinosaurus, 'n lyfwag en 'n prinses wals by 'n saal in... Dit klink dalk soos 'n droë grappie, maar dit is helaas nie, want op Vrydag, 9 Mei 2025, kon jy elke sprokieskarakter uit jou kleintyd op JF se dansvloer aanskou by ons eie maskerbal!

Alhoewel dit yskoud buite was, was die dansvloer binne in die saal aan die brand en selfone se kameras het gekliek. Wie kan in elk geval Bok van Blerk of Theuns Jordaan se sokkietreffers weerstaan as almal om jou dans dat die stof so staan? Selfs die manne met twee regtervoete het nie op hulle laat wag nie!

As jy hierdie jaar gewik en geweeg het om te gaan, maar toe eerder tuis gebly het ... dan is dit tyd vir verandering! Skraap solank jou moed bymekaar, vra daai spesiale meisie of ou en kom wys ons by volgende jaar se maskerbal wat in jou steek!




**Die "mafia" het by die maskerbal opgedaag, "groot gevaar" en "begoud".**

Foto: Jacobus Lourens

University of the Free State / Universiteit van die Vrystaat / Yunivesithi ya Freistata UFS UV
FNB First National Bank
BIDVest

# Classic Clash lofsangaand



**Joané de Beer**

JF en Sentraal sit tydens die Classic Clashes beslis nie langs dieselfde vuur as dit kom by wie die beste skool is, of die beste gees het nie, maar een ding waarmee ons almal kan saamstem, is dat beide skole kinders van God is.

Dus word daar by die jaarlikse Classic Clash 'n lofsang-en-aanbiddingsaand gehou, waar daar beslis 'n band tussen die twee skole gevorm word deur 'n gesamentlike doel: om die Here te loof en prys. Dit was beslis weer by hierdie jaar s'n só! Die opwinding op daardie Woensdagaand was tasbaar toe al die leerders by die saal ingestap het. Met die helderkleurige ligte, die rookmasjiene en die musiekgroep van 'n plaaslike kerk op die verhoog, waarvan een van die lede ons eie juffrou Suanne was, was die JF- en Sentraal-leerders gereed om hulle stembande los te maak. Nie net was daar 'n verskeidenheid van rustige en opwindende liedjies nie, maar ook 'n hele klompie dansbewegings. Hierdie lofprysingsgeleentheid is ook vergesel van 'n baie insiggewende boodskap deur Jim Fouché se eie juffrou Alexa.

Asof dit nie genoeg is nie, kon leerders smul aan die geurige koffie en heerlike ham-en-kaastoebies en pannekoek wat te koop was. Ná 'n hele aand vol lewendige liedjies en hoendervleisoomblikke, het die JFFJ-leiers en Sentraal-VCSV-kringleiers bymekaargekom om vir die naweek en vir mekaar te bid. Beslis nog 'n hoendervleisoomblik!


Die aand was 'n absolute sukses en is een van die vele Classic Clash-tradisies wat hier is om te bly. Dis 'n aand wat ons herinner dat ons dalk deur skole geskei is, maar dat ons almal steeds kinders van dieselfde Here is.

# G - E - E - S

## Wat spel dit? JF!



**Jim Fouché het die gees, ja man ja!.** Foto: Mishka van Biljon



**Twané Meyer**

As daar een ding is wat Jim Fouché goed kan doen, is dit gees! En soveel te meer tydens die jaarlikse Classic Clashes teen Hoërskool Sentraal.


Die Saterdag het met netbal-, hokkie- en rugbywedstryde afgeskop, en JF-leerders was absoluut gereed vir die spanningsvolle en opwindende dag, wat ook optogte ingesluit het. Hier het JF en Sentraal se rasieleiers op 'n spoggerigge wyse hulle verskyning maak, gevolg deur 'n geoefende dansie wat die ouers se monde laat oophang het.

Soos verwag, het JF die pawiljoen se dak laat skud – nie net tydens die optog nie, maar tydens die hele eerstespanrugbywestryd! Met ou bekende krete soos "JF till I die" en "Assandrea" het JF hulself behoorlik op die pawiljoene laat hoor. Die ou JF-tradisies het ook geseëvier – soos as almal op die pawiljoen voor 'n skop pale toe vir die spelers hartjies met hulle hande wys. Dis hoe JF'ers mekaar ondersteun. Die gaste en toeskouers is ook gegroet deur die wenners van onderskeidelik Mnr. en Mej. JF, en Mnr. en Mej. Tralie, wat hulle verskyning tydens die optog op die rugbyveld gemaak het.

Ons kan met volle vertroue sê dat JF die gees wen, want nie net het ons die hardste geskree nie, maar ons het ook nie opgehou voordat die laaste eindfluitjie geblaas het nie. Ons blou teenstanders is ook nie net ore aangesit op die pawiljoen nie, maar ook op die rugbyveld met 'n wegholoorwinning vir ons eerste rugbyspan van 37-21.

Dit was beslis 'n baie goeie dag vir Jim Fouché!

# Classic Clash - wat 'n jol



**Anné Roos**

Die *Classic Clashes* beteken soveel meer as net sport – dit beteken ook 'n week vol kaskenades, kapperjolle en natuurlik kultuur!

Die *Classic Clashes*-week is afgeskop met 'n Dink of Sink debatskompetisie, en hier by JF kán ons dink, want ons het die Tralies se moed diep in hulle skoene laat sink! Beide senior spanne, naamlik die Aanvallende Anties (Lisa Botha, Amoné Verwey en Suné Deacon) en die Drie Bekke van Breinbedreiging (Jaco Deysel, JP Ehlers en Wihan Coertzen) het hulle onderskeie kompetisies teen gedugte Tralieteenstanders gewen. Die juniors moes ongelukkig die knie voor die junior Tralies buig.

Dan was daar Dinsdag 'n spelkompetisie waar leerlinge kon spog met hul taaltalente. In die junior afdeling is 'n tweede plek behaal deur Lesedi Guilele en 'n eerste plek deur Kaitlin Luyt. In die senior afdeling het Janah Swarts 'n derde plek behaal.

Laastens, maar definitief nie die minste nie... Die *Talent Clash*! Dit was letterlik en figuurlik musiek in ons ore om te hoor dat beide eerste en derde plekke deur onderskeidelik twee JF-leerlinge, naamlik Khanyisile Zwane en Inge Stoltz, verower is.

Na afloop van die Talent Clash, is daar ook lekker gesokkie, en ons kan eerlikwaar sê dat die opwindende week op 'n hoogtepunt afgesluit is, wat die afwagting na die naweek se groot sport, net soveel meer gemaak het.

















NWU PUKKE
KWIKSPAR GARDENIA PARK
i'm lovin' it

# Redakteursbrief



Jaco Deysel

## Die wêreld bly jou Oester.

Ek het nog altyd gedink dat koerante nét oor stories gaan. Maar *Die Oester* het my geleer dat dit eintlik oor mense gaan. Oor julle. Ons het saam in JF se gange geloop. In sy stoepe gaan sit. In sy stil hoekies gewag. En gaan luister vir sy stories.

Soms was dit wat ons gehoor het vrolik en feestelik, ander kere was die storie dalk klein – maar altyd die moeite werd. En elkeen is neergepen. Hier het ek gesien hoe skrywers lanterns word, hoe kameras as geheues dien, en hoe vrae deure oopsluit wat bottoe gelyk het. Julle het my gewys hoe nuus nie net berig word nie, maar verdien word: deur tyd, deur luister en deur respek.

En nou, soos enige goeie storie, kom my hoofstuk tot 'n einde. Ek laat my sitplek en balkie agter, maar nie die roeping nie. *Die Oester* het my geleer dat elke stem tel. Elke een. En dat selfs 'n sagte stemmetjie bulderend kan weerklink as iemand dit op skrif sit.

Die wêreld bly vol stories. Sommige helder op die oppervlak, ander dalk diep weggesteek. Bly soek na dáárdie stories. Moenie bang wees om jou hande vuil te maak in die soektog nie. Moet nóóit om verskoning vra omdat jy vrae gevra het nie. Hou aan om te luister, te kyk, te vra.

Want die mooiste pêrels wag op diegene wat durf om te duik, én lank genoeg onder bly om die stukkie lig, die storie, saam terug te bring na die oppervlak.

Julle pêrels wag.

Met trots, dankbaarheid en 'n hart vol herinneringe.

*Jaco Deysel*




Die skim-e-ling

# Oester
## Redaksiespan 2025

**Redakteur**
Jaco Deysel
Lisa Botha (Sub-redakteur)
**Skrywer**
Abigail Fivaz
Adelé Pienaar
Ansje Bekker
Elshari Pietersen
Gé Coetzee
Hilton Bender
Joané de Beer
Liechen Willemse
Lisa Smith
Melani Slabbert
Shilon Smit
Theani Botha
Wihan Coertzen
Corlé Roos
Karli Botha
Paula Swart
Rizé Biermann
Arné Roos
Twané Meyer
**Fotograwe**
Mishka van Biljon
Jacobus Lourens
Lisa Lourens
Nishje Swart
Melinke van Delft
Owen Norval
Sumari Oosthuizen
Diané Gillmer
Chivonné Vos
Cara Hensberg
Juané Kietzmann




*Oester* se redaksie onderskryf die gedragskode van die Persombudsman van Suid-Afrika. Die menings wat in hierdie uitgawe uitgespreek word, is nie noodwendig die amptelike mening van die beheerliggaam en personeel van die Jim Fouché Hoërskool nie. Al die inhoud is onderhewig aan kopiereg, wat berus by die beheerliggaam van die Jim Fouché Hoërskool.

**Rig enige navrae aan redaksie@jf.co.za**

# Jim Fouché se Nuwe Onderwyser: 'n masjien?



Kollage: A. Human



Jaco Deysel

Tik. Klik. Klaswerk klaar.

Hy is nie meneer Fourie of mevrou Ferreira nie. Hy het nie 'n handskrif of 'n humeur nie. Hy géé nie huiswerk nie – hy dóén dit. Sy lessenaar is 'n skerm. Sy brein? 'n Netwerk van miljarde datastukke. Sy stem klink soos 'n koel radio-omroeper. En hy weet alles. Ja, álles.

Ek stel voor: Jim Fouché se nuwe "onderwyser". Nie van vlees en bloed nie, maar van kode. Nie 'n opvoeder nie, 'n algoritme.

WELKOM BY DIE KI-ERA.

Dis nie meer 'n futuristiese droom of 'n wetenskapsfiksiefliek nie – dis nou. In JF se gange word opstelle geskryf sonder 'n pen in die hand. Wiskundevrae word opgelos sonder 'n enkele som. Vraestelle word voorberei sonder leer. Sonder dink.

Kunsmatige intelligensie (KI) het nie stilletjies ingesluip nie, nee, dit het ingebréék. En ons het die deur oopgelos. ChatGPT, *Grammarly*, *Wolfram Alpha*... word die nuwe topstudente. Slimmer. Vinniger. Nooit moeg nie.

Maar is KI bloot 'n nuttige hulpmiddel? Of 'n gemaklike vlugroete weg van ware leer?

Sommige sê dit is rewolusionêr. Ander sien 'n generasie wat vergeet het hoe om self te dink. Jy tik. Netjies, foutloos, indrukwekkend. Maar het jy werklik iets geleer? Of het jy net die illusie van kennis gekoop?

Ek het gaan luister in die gange van Jim Fouché. Wat sê ons leerders?

"Ek gebruik *ChatGPT* vir elke opstel. Nie omdat ek nie kan skryf nie, maar omdat ek nie tyd het om te sukkel nie."

– Graad 11-leerling

"Ek voel soms soos 'n bedrieër ... maar ek kry punte."

– Graad 12-leerling

Waar sommige leerders uit skuldgevoel kies om nie KI vir skooltake te gebruik nie, word dit 'n kruk vir ander wat nie twee keer dink voor hulle dié alle-wetende onderwyser raadpleeg nie. Wanneer ek 'n graad 12-leerder vra of dit regverdig is, sê sy eenvoudig:

"Dis net nog 'n bron. Soos 'n

*Vervolg op bladsy 9*

BOKOMO WEET-PIX

Facebook JFOester

Stuur jou WEETPIX™ foto aan: die Redakteur @ Mevrou Annatjie Human se klaskamer
























**Het jy geweet?**


Die Suid-Afrikaanse volkslied is een van net drie neo-modaal in die wêreld, begin in een toonsoort en eindig in 'n ander, en word in vyf amptelike tale gesing.

## Geur en glans: Bootleggers






Fotos: A. Human



**Karli Botha**


As jy nog nie gehoor het van die nuwe koffiewinkel "Bootleggers" nie, bly jy sekerlik onder 'n klip.

Wanneer jy by "Bootleggers," die nuwe koffiewinkel in Preller-plein instap, kan jy dadelik die ontspanne atmosfeer aanvoel. Jy voel onmiddellik tuis soos wat die behulpsame kelners skarrel om jou te help. Hulle diens is vining en vriendelik en jy hoef glad nie lank te wag voor jy bedien word nie. Die geur van koffie wat meng met die geur van varsgebakte muffins dra by tot hierdie aangename ervaring. Die verruklike geure wat uit die kombuis sweef, laat jou mond skoon water!

Die ontwerp is baie gerieflik en goed beplan – jy en jou vriende kan gemaklik sit terwyl julle oor 'n koppie koffie opvang. Die dekor is ook stylvol en skep 'n warm en huislike atmosfeer. "Bootleggers" het 'n wye verskeidenheid op hulle spyskaart en daar is iets vir almal.

Doen jouself 'n guns en gaan maak 'n draai om so 'n bietjie van die winterkoue (en winter blues) te verdryf.

## Marvel het uiteindelik wakker geskrik... Maar is dit te laat?



**Diaan Liebenberg**




*Thunderbolts* is die 38ste fliek in die Marvel-reeks, waarvan nie veel verwag is nie, maar dit het kykers laat uitstap met monde wat oophang.

Die fliek stel ons bekend aan 'n groep onbekende karakters, maar hulle verander gou in karakters waarvan jy meer wil sien. John Walker is byvoorbeeld een van die antagoniste in 'n vorige Marvel-film, een van wie jy nie hou nie, maar nou ontwikkel die kyker empatie met hom.

Thunderbolts is 'n baie emosionele film met 'n baie emosionele ontknoping. Die karakters is almal karakters met traumatiese agtergronde. Hulle worstel met gevoelens van betekenisloosheid en leegheid, maar hulle wil verbeter.


*Thunderbolts* is 'n ware verligting ná die katastrofe waarin Marvel geval het ná *Avengers Endgame*. Die flieks het ontaard in swak geskrewe films omdat rolprentvervaardigers gedruk word om soveel as moontlik geld te maak. Die intriges in flieks soos *Antman and the wasp: Quantumania* en The Marvels is so sleg dat jy jou TV met 'n gholfstok wou stukkend slaan. Baie fliekgangers het alle vertroue in Marvel verloor en dus, toe *Thunderbolts*, 'n uitstekende film, die lig sien, het die fliek nie eens gelyk gebreek nie en is as 'n mislukking geklassifiseer.

Ons hoop dat die hoë koppe by Marvel hierdie as groeipyne sien, en nie verval in hul ou maniere nie. Marvel is in 'n uiterse ongemaklike posisie waar hul volgende fliek (*Fantastic 4*) uitstekend moet wees a.g.v. groot kompetisie, naamlik die *Superman*-fliek. As die nuutste *Fantastic 4* so sleg is soos die voriges, gaan Marvel oor die afgrond stort omdat hierdie karakters baie belangrik word vir volgende jaar se *Avengers Doomsday*, 'n amper biljoendollar-film.

Mag dit nie die oordeelsdag vir Marvel wees nie...

## Fliekresensie

# Sneeuwitjie trek nuwe baadjie aan



**Lisa Smith**

Sneeuwitjie, die bekende en geliefde verhaal van ons kinderjare, is onlangs weer herskryf in 'n meer moderne weergawe.

Alhoewel dit steeds die oorspronklike storielyn volg, het ons nie hier weer te doen met 'n hulpelose nooi wat wag vir die prins om haar te red nie. In plaas daarvan gaan hierdie Sneeuwitjie oor een wat beheer neem oor haar eie lewe en kies om goed te wees in 'n wêreld wat wreed teenoor haar was. Ons volg Sneeuwitjie terwyl sy van haar ou lewe gestroop word en gedwing word om onder die nuwe koningin te oorleef, maar dit skrik haar nie af nie. Sy toon groot moed in die aangesig van gevaar en moedig almal rondom haar aan om te veg vir die wêreld wat hul eens geken het.


Die karakters is onvergeetlik; jy sal onmiddellik verlief raak op die eienaardige dwerge en charismatiese dief. Selfs die bose koningin sal 'n indruk op jou los.

Ek moedig die kyker sterk aan om hierdie fliek te gaan kyk. Dit vul jou nie net met 'n gevoel van hoop nie, maar help jou ook om te onthou dat selfs die slegte dinge sal verbygaan.



https://www.imdb.com/title/tt6208148/

# Niggies - Die skokverhaal wat Suid-Afrika aangegryp het



**Paula Swart**

'n Storm woed deur 'n Vrystaatse dorpie. Niks gaan weer dieselfde wees nie.

Die meeste Suid-Afrikaners het die reeks "Niggies" gekyk, wat gebaseer is op 'n ware verhaal. Stokstywe rue op banke, geskokte oë wat dit nie kon glo nie. Gedagtes wat wonder: "Hóé kon so iets gebeur?" Rooi-en-blou ligte flikker, spanning loop oor, en so begin die soektog na die skuldige een.

Die jaar is 1966. Dit is 'n normale dag in die rustige dorpie, Odendaalsrus... Of dit is wat almal gedink het. Dan word twee niggies wreedaardig verkrag en vermoor. 'n Familie se lewe staan stil; 'n gemeenskap word geruk; 'n broer wy sy lewe daaraan toe om antwoorde te vind. 'n Mens sou nie so 'n hartverskeurende ding in 'n klein dorpie verwag nie, maar so kom die donkerte uit en wag vir die perfekte tyd om toe te slaan.

As die familie antwoorde soek, begin hulle teen mekaar draai en skielik ontbloot hulle hulle ware kleure.

Die verhaal wys ons hoe 'n mens se lewe in 'n oogknip van geluk na hartseer kan verander. Ons leer ook lesse hieruit: Die wêreld is nie altyd veilig nie. Bose mense verrig gruwelike dade en onskuldiges word die prooi.

Janru Steenkamp (André Fourie) is 'n jong akteur wat nuut is op almal se skerms. Van dramaklasse en verhoogopvoerings na 'n groot TV-reeks wat sy lewe verander het. Hy moes in die karakter van André inkruip, maar hoe doen jy dit as jy selfs nie weet hoe die persoon moes gevoel het nie?

In 'n onderhoud met Maroela Media vertel hy:

"Die uitdaging was om te probeer begryp hoe moeilik so iets moet wees. Jy moet die eerlikheid en emosie daarvan kan oordra – veral omdat dit 'n ware verhaal is. Maar terselfdertyd wil jy nie indink dat so iets met jou eie sussie kan gebeur nie."

Die verhaal gee vir mense rillings, maar los ook 'n klomp vrae wat die kykers laat wakker bly. Soos ouers wat wonder of so iets dalk nie met hulle kinders kan gebeur nie?

In die gange van Hoërskool Jim Fouché word daar gefluister. Leerders vertel mekaar die verhaal oor en oor, deel opinies. Die onskuld van 'n dorpie is nou verlore en die waarheid ... is na dekades eers ontbloot.




https://www.dstv.com/kyknet/af-za/program/niggies/seisoen/1

# Mensehandel

## *Bloemfontein óók geteiken*

**Wihan Coertzen**

"Dis nie net in slegte gebiede waar kinders kwesbaar is vir mensehandel nie. Enige persoon, in enige plek, selfs in Bloemfontein, kan 'n slagoffer van mensehandel wees." Só sê kaptein Linda Steyn van die Valke.

Die idee dat misdaadgevalle soos mensehandel slegs in groter stede soos Johannesburg en Pretoria voorkom, is 'n bitter gevaarlike wanopvatting.

In 'n potgooi met Mielie FM, het kaptein Bezuidenhout van die SAPD en kaptein Linda Steyn beklemtoon dat inwoners van Bloemfontein nét so op hulle hoede moet wees soos enige ander Suid-Afrikaner.

Steyn en Bezuidenhout is beide van mening dat die grootste oorsaak van mensehandel, ouers of kinders self is wat te veel inligting op sosiale media versprei. Ontvoerders sal vir ure op platforms soos Facebook en Instagram deurbring om hulle perfekte slagoffer te kry.

In baie gevalle is minderjariges onbewustelik in kontak met 'n volwasse.

'n Skrikwekkende statistiek is dat 60% van spelers in die aanlyn kinderspeletjie, Roblox, voorgee dat hulle 'n kind is, maar in werklikheid 'n volwasse is met onsuiwer bedoelings.

"Dit is soos om van 'n spyskaart in 'n restaurant te kies," sê kaptein Bezuidenhout. Volgens hom sit die kliënt dikwels in 'n ander land, en tree die ontvoerder op as die kelner wat die verlangde seun of meisie soos 'n bestelde bord kos gaan haal.



Kollage: A. Human

Kaptein Bezuidenhout het inwoners aangemoedig om enige verdagte gedrag aan te meld op die gratis SAPD-toep. Geen informasie is te nietig om te rapporteer nie. Aksie moet onmiddellik geneem word.

Skoolleerders in alle distrikte word aangeraai om waaksaam in die publiek te wees en om twee keer te dink voordat hulle daardie foto op die internet oplaai.

# Wat doen jy na Matriek?




Grafiek: A. Human

**Wihan Coertzen**

Die graad 12's van 2025 is byna oor die draak se stert. Dit was 'n druk-deur-die-Junie-eksamen, en nou is dit vasbyt-deur-die-rekord-en-eindeksamen. Nog 'n generasie leerders is op die drumpel van die grootmenswêreld.

Maar... Waar beplan die matrieks om oor sewe maande te wees? Watter verskil wil hulle gaan maak? Waar wil hulle gaan studeer? *Die Oester* het in 'n opname antwoorde vir al hierdie moeilike vrae gevra.

Ongeveer 60% van die graad 12's het al reeds hulle tersiêre aansoeke vir verskeie instellings ingedien. Uit hierdie groep is die populêrste kursusse Onderwys, Medies en Ingenieurswese.

Die meeste leerders sal studente by Kovsies word – ongeveer 35% van matrieks het aangedui dat hulle graag hier wil studeer! 'n Verdere 13% het besluit om Potchefstroom as hulle hoofkeuse aan te dui, en "ek weet nie" is ook 'n antwoord wat verskeie keer opgekom het ...

'n Klein getal – ongeveer 5% – het besluit om nie verder te studeer nie. Baie van hierdie leerders wil eerder in Amerika gaan werk, op skepe gaan vaar of hulle eie besighede begin.

Dit is veilig om te sê dat JF se matrieks van 2025 'n verskil gaan maak in ons samelewing. Ons wens hulle baie sterkte toe met die laaste paar vraestelle wat voorlê.

Vasbyt, Matrieks! Die einde is nou werklik naby. Moet net nie laat jou laaste skooldae te vinnig by jou verbygaan nie.

# Wanneer die Gariep oorloop

**Abigail Fivaz**


Toe die eerste water by die wal van die Gariepdam begin oorborrel, het iets in my wakker geword. Mense het gestaar, kameras het geklik, en in daardie oomblik het almal geweet: Hier gebeur iets groter as net die oorloop van water. Dit was 'n vloei van potensiaal, van krag wat nie meer teruggehou kon word nie.

En soos die dam, is elke leerder in 'n skool ook vol van iets wat wag om vrygelaat te word – idees, drome, vrae, stories en visies wat nie langer net ink op papier kan bly nie.

In 'n wêreld waar baie tevrede is om net "Klaas" te wees – passief, vol opdragte maar sonder vuur – vra ons: Wie is bereid om "Baas" te wees oor hul eie denke, hul eie stem en hul eie impak? Die Gariep kies nie wanneer dit moet oorloop nie – dit gebeur natuurlik wanneer daar te veel is om binne te hou. So behoort dit ook in ons skool te wees. 'n Skoolgemeenskap wat begin oorloop van energie, betrokkenheid en inisiatief, word iets wat nie net 'n plek van leer is nie, maar 'n beweging van betekenis!

Maar pasop vir die "slange in die gras" – luiheid, fopnuus, groepsdruk, vrees vir mislukking. Hulle lê stil, wagtend, gereed om jou stroom te verstil nog voor dit begin. Om regtig te vloei soos die Gariep, moet jy kies: hand aan die ploeg slaan, of hande moedeloos in die lug staan?

In 'n skool waar leerlinge mekaar motiveer, waar diversiteit nie net verdra word nie, maar gevier word, waar tyd in kultuur, sport en akademie gevul is met passie en nie net plig nie – dáár ontstaan iets uniek. Soos die Gariepdam wat die landskap rondom hom verander, het leerders die mag om die kultuur van hul skoolgemeenskap te hervorm.



**Die Gariepdam borrel oor.** Foto:Verskaf

So, sit nie langer stil en wag vir ander om te beweeg nie. Laat jou idees oorloop. Laat jou stem die wal breek. Laat jou dade 'n rivier word wat ander meevoer in hoop en groei. Want wanneer die Gariep oorloop, sien ons nie net water nie – ons sien krág. En wanneer 'n leerder oorloop, sien ons die toekoms...

# Mammas met merkwerk

**Karli Botha**

Dit verg 'n groot hart om 'n juffrou te wees, maar nog 'n groter hart om 'n ma te wees. Maar wat van dié wondervroue wat altwee is? Hoërskool Jim Fouché spog met 'n handvol van hierdie wondervroue.

Alhoewel hierdie mammas geseënd is met 'n bondeltjie vreugde, is dit nie aldag maklik om ook 'n juffrou te wees nie. Daar is verskeie struikelblokke wat hulle moet oorkom.

Baie juffrouens mis die interaksie met die skoolkinders tydens kraamverlof. Die terugkeer na kraamverlof is oorweldigend, want dit voel of jy weer nuut is by die skool.

Tydbestuur en balans is uitdagend, want dit is moeilik om te onderskei tussen jou werkstyd en kwaliteit-tyd saam met jou baba. Om n juffrou en 'n mamma te wees is uitputtend omdat jy die baba se primêre versorger is, jy is verantwoordelik vir voedings en rustelose nagte. Daar is baie balle wat in die lug gehou moet word. Ten spyte van al hierdie nuwe verpligtinge, word jou werk as onderwyser nie minder nie.

Volgens juffrou Camille Schoeman is die aanpassing terug skool toe moeilik, maar omdat sy passievol is oor onderwys en sy 'n positiewe ingesteldheid het, is dit vir haar lekker om 'n werkende mamma te wees.

Ons JF leerders waardeer elke wondervrou en al die opofferings wat sy maak om terug te keer na haar JF-kinders!



Pick n Pay Inspired by you
Annette's Creative Sewing
AWERBUCHS

# Leer jou onnies ken

## Toneelstuk betower sowel kind as grootmens

Twané Meyer

Ons eie Juffrou Stella Nortier verskyn nie net voor 'n witbord nie, maar op die verhoog ook! Ek het by haar gaan inloer om 'n bietjie meer uit te vind...

*Willemien en Meraaitjie en Willie Wragtig die troeteldrakie* is die opwindende opvolg van die gewilde kinderteaterstuk Woelige Willemien en haar maatjie Meraaitjie, wat hulle vir die eerste keer in 2020 op die planke gebring het, en in 2023 weer met groot sukses herhaal is. Ná die positiewe terugvoer en entoesiasme van gehore, het sy besluit om die avonture van Willemien en haar vriende voort te sit in 'n splinternuwe storie met vars verrassings.

In hierdie opvolg beleef die maats 'n nuwe avontuur, wat begin ná Willemien se "oorwinning" oor 'n gevaarlike draak. Maar tot almal se verbasing, blyk dit dat die draak glad nie gevaarlik was nie – net 'n eensame, klein drakie met die naam Willie Wragtig. Skielik wil almal sy maatjie wees! Maar die vreugde duur nie lank nie. Wanneer 'n nuwe bedreiging opduik, moet Willemien, Meraaitjie, Frikkie Spiertier, Bang-Jan en Gawe Gawie hul verskille opsy sit en saamwerk om die koninkryk weer te red.

Met humor, avontuur, hart en 'n sterk boodskap oor aanvaarding, vriendskap en samewerking, is hierdie stuk nie net 'n opvolg nie – maar 'n viering van verbeelding en die krag van kinders se drome, aldus juffrou Stella.

Juffrou Stella, wat die rol van Willemien vertolk, vertel dat sy ná jare se ondervinding nog steeds gespanne is voor sy die verhoog betree, maar nét totdat sy op die verhoog is. Vir haar is ALLES van teater lekker.

"Elke oomblik! Dis 'n ongelooflike gevoel om stories lewendig te maak en mense op 'n emosionele




manier te raak – of dit nou is om te lag of om te huil. Dis daardie konneksie met die gehoor wat vir my die heel lekkerste is."

**Wat is Juffrou se raad vir iemand wat ook eendag in 'n toneelstuk wil speel?**

Moenie toelaat dat vrees jou drome stilmaak nie. Almal begin êrens, en dit is normaal om onseker te voel. Wat belangrik is, is om jouself die kans te gee om te groei. Jy moet kan glo in jou vermoë om te leer en ontwikkel. Dis nie perfeksie wat tel nie, maar passie en deursettingsvermoë.

**Het juffrou op skool drama geneem waar het juffrou se liefde vir drama begin?**

Ek het Tienertoneel gedoen toe ek in graad 10 en 11 was, maar ek het al lank voor dit geweet dat drama is wat ek wil studeer. Ek wou nog altyd mense inspireer, my stories vertel – maar op 'n kreatiewe manier. Toneel gee my daardie geleentheid om ander te raak, hulle te laat dink, en iets mooi agter te laat.

*Willemien Willemien en Meraaitjie en Willie Wragtig die troeteldrakie* is op die verhoog by die Vrystaatse Kunstefees te sien. Grootmense en kinders welkom!



**Juffrou Stella in aksie as Willemien in die toneelstuk, Willemien en Meraatjie en Willie Wragtig die troeteldrakie.** Foto: Leopold Frechow

## Liefde op 'n krans

### *Juffrou Arné se sprokiesverhaal*

Adelé Pienaar

Tussen witbordmerke, klasroosters en pouses met koffie het daar stil-stil iets besonders by Hoërskool Jim Fouché gebeur. Wat as kollegas begin het, het gegroei in 'n storie vol liefde, lag en avonture – en nou is daar 'n troudatum op die horison! Juffrou Arné Fourie het onlangs "ja" gesê op die mooiste moontlike plek... en op die mooiste moontlike manier.

"Ons het mekaar as onderwysers by JF ontmoet," vertel juffrou Arné, wat onlangs verloof geraak het aan een van ons vorige geliefde onderwysers, meneer Elof Scheepers.

Hulle was met vakansie in Semonkong, Lesotho toe die groot oomblik gebeur het. "Die Saterdag het ons toe gaan piekniek hou by Maletsunyane-waterval. Na die piekniek het ons op 'n krans gaan sit. Hy het my regop getrek en toe sy knie gebuig en my gevra. Dit was 'n oomblik wat ek nooit sal vergeet nie. Dit was 'n verrassing, al het ek geweet die tyd begin naderkom."

"Ek het dadelik ja gesê, nadat ek ophou huil het," lag sy.

Na 'n jaar en 8 maande se saamwees, beplan die twee nou aan hul droomdag. "Glad nie 'n tradisionele rok nie. Ons wil baie graag in die berge trou. Dalk Clarens. Iets klein en intiem."

Wat sien sy in hul toekoms? "Om saam oud te word. Maar voor dit om baie avonture saam te beleef, baie nuwe plekke te sien en saam op die stoep te sit en na die sonsak te kyk."

Op die vraag oor hul gunstelingherinneringe antwoord sy: "Baie kampe, baie ver stap, baie kilometers ry, baie ure saam. Daar is heeltemal te veel om aan iets spesifieks te dink. Hy sing graag liedjies wat in Engels is in Afrikaans. Maar dan gee hy dit altyd die snaaksste stemme."

En die droomwittebrood? "Kroasië. Sicily, Italië. Ons wil ook langs ons eie kus rondtoer." Wat natuurlik sin maak aangesien haar verloofde ook 'n passie het vir Geografie!

Haar raad aan ander? "Moenie daarvoor soek nie, liefde sal jou vind wanneer jy dit die minste verwag." En met haar eie wysheid sluit sy af: "Vind jouself. Moenie jouself in ander mense gaan soek nie. Wanneer jy weet wie jy is in jou core, gaan jy die persoon vir jou vind."







**Mnr. Elof en me. Arné Fourie se romantiese "Ja"-week.** Fotos: Verskaf

## Meningstuk: Jonk, wild en wys?

Abigail Fivaz

Dis Dinsdagoggend, en 'n jong onderwyseres glip haastig deur die skoolhek; denimbaadjie oor 'n netjiese rokkie, koffiebeker in die een hand en 'n register vol lewensverhale in die ander. 'n Jongman loop vol selfvertroue oor die sportveld. Fluitjie om die nek. Hulle lyk soos een van ons; dalk net 'n paar jaar ouer as die matrieks vir wie hulle klasgee – en dis juis hier waar ons vrae begin.

Want ons wil weet: Wie is hierdie jong onderwysers wat nou Juffrou en Meneer genoem word, maar nog gister dalk self in 'n skoolbank gesit het? En belangriker: Is die onderwys vir hulle net 'n werk – of 'n roeping?

Die nuwe gesigte bring vars energie, nuwe tegnieke en "memes" in lesse. Ons sien dit. Ons hoor dit. Maar agter die energieke glimlagte en PowerPoint-aanbiedings wonder ons ook: Sien hulle ons werklik raak? Verstaan hulle die gewig van hulle vak, die impak van 'n terughou-punt? Of is dit soms net nog 'n dag op nog 'n dag 4-rooster? 'n Geleentheid om hul merk op die rugbyveld of die netbalbaan te maak?

Want wat beteken dit vir 'n graad 12-leerder wat nog skool toe stap met rou wonde van die lewe, as hul onderwyser self nog worstel met wie hulle is?

'n Gesonde skoolgemeenskap word nie gebou op net pouses en punte nie, maar op mense wat hul werk met integriteit en insig doen.

Aan ons jong onderwysers: Ons sien julle. Ons verwelkom julle. Maar ons verwag ook van julle. Nie net ink op papier nie – maar passie in lesse. Wees nie net "cool" nie, wees konsekwent. Wees nie net sosiaal nie, wees sensitief. Wees bereid om ons "dom vrae" aan te hoor sonder om te frons; om leiding te gee sonder om te preek.

Dis 'n nuwe era – kom ons bou dit saam. Met vrae, met waarheid, met respek. En met die hoop dat ons mekaar in die proses mensliker maak.



Wirulink wireless • fibre • voice • data
STONEY'S Wheel & Tyre
SHC CONSULTING ENGINEERS

# Wanneer die Wind Draai...

## *Tienerliefde tref soos 'n koue front*

Lisa Botha

Toe ek die naam van die toneelstuk hoor *Wanneer die Wind Draai* het ek gedink ek moet dadelik op my weertoep gaan kyk of daar dalk 'n koue front op pad is. Maar moenie stres nie, hierdie het niks met Bloemfontein se ysige oggende in 'n eksamenlokaal te doen nie. Hierdie wind waai op 'n baie ander manier... een wat jou hart laat bons en jou ore laat rooi trek.

Dis een van Jim Fouché se twee tienertoneel-produksies, en ek het die voorreg gehad om 'n bietjie in die agtergrond te gaan krap. En glo my, ek het stories uit die akteurs (Dian van Wyk en Kaylee Coetzee) uitgetrek soos koue kougom uit 'n mat.

Om hulle dinamiek op te som: Hulle is soos grondboontjiebotter en romerige tuna; albei lekker op hul eie manier, maar niemand gooi dit op dieselfde toebroodjie nie. Ek het gedink ek en my sussie is verskillend, maar hierdie twee vat die koek.

Kaylee Coetzee (Gr.12) speel Emma, 'n kreatiewe, avontuurlustige plaasmeisie met meer drome as 'n graad 8 se Pinterest-bord. Sy is vasbeslote om haar lewe groter te verf as die grense van haar plaasdorp en jaag haar liefde vir kuns na soos 'n los kat agter 'n muis.

Dian van Wyk (Gr.12) neem die rol van Christo aan, 'n stil, teruggetrokke ou met meer emosionele bagasie as 'n eerste jaar op universiteit. Dian sê hy en Christo is so verskillend soos Crocs en stilettos, maar danksy "metode-toneelspel" het hy stadig maar seker in die karakter se kop begin klim – 'n scary plek, maar iemand moes dit doen.

En dan... draai die wind. Maar nie na 'n storm of donderweer nie, nee, na iets veel gevaarliker: **TIENER-LIEFDE!**

Ja, daardie ding wat jou laat twyfel of jy op wolke sweef of 'n sinusaanval het. Beide Dian en Kaylee is in die regte lewe in verhoudings, maar moes op die verhoog liefde optower tussen karakters wat mekaar nie altyd verstaan nie, soos enige goeie tienerromanse behoort te doen.

Ek weet nie van jou nie, maar ek sou nie maande lank met iemand oogkontak kon maak en voorgee ek's verlief sonder om self 'n *crush* te ontwikkel nie. Dis seker maar hoekom ek die een is wat skryf, en hulle diegene is wat op die verhoog flikflooi.

Die twee het gesê hulle moes mekaar regtig leer ken en vertrou om dié toneel geloofwaardig te maak. Dis soos 'n speel-afspraak, maar met emosionele bagasie, ligte, gehoorlede en geen kans om terug te krabbel nie. *No pressure*.

En ja, daar was ongemaklike oomblikke – veral in die begin – maar jare se kollig-ervaring (en dalk 'n bietjie *sweet talk* lesse van Juffrou Stella, die regisseur met die lekkerste lag in die skool) het gehelp om daardie "chemie" geloofwaardig te maak.

Nou kyk, ek is nie 'n wetenskaplike nie, maar toe hulle begin praat van chemie, het ek gedink hulle bedoel daai klas waar jy met molle werk, jy weet, die goed wat in die grond rondkruip. En avokado se getal of iets... want wie hou nie van 'n avokado op suurdeegbrood nie? Maar nee, hierdie chemie is die tipe wat gebeur wanneer twee mense mekaar met hul oë begin verstaan; sonder 'n periodieke tabel in sig.

Dian het hom selfs so in 'n toneel ingeleef dat hy letterlik geval het terwyl hy sy jeans probeer aantrek het agter die verhoog. En nee, moenie bekommerd wees nie, daar's geen *wardrobe malfunctions* op die verhoog beplan nie. Net emosionele klere wat heel moontlik afgeruk gaan word.

Die boodskap van die toneel is een wat jou gaan bybly, of jy nou in 'n verhouding is, of 'n eensame soldaat op die slagveld van liefde.

Die toneel herinner ons dat liefde nie altyd genoeg is nie, en terselfdertyd dat ons drome geldig is, al sê die wêreld iets anders. Interessant genoeg het die twee akteurs verskillende idees gehad oor wat die boodskap van die stuk is. En dis juis wat dit so mooi maak, die feit dat ons almal iets anders sien wanneer die wind draai.

So bring jou kêrel, bring jou vriendin, bring jou ouma of bring net jouself (plus *tissues*) en kom kyk hierdie toneelstuk wat jou hart gaan warm maak, al is dit ysig buite.



Kaylee en Dian dans op die verhoog. Foto: Verskaf



"Wanneer die wind waai" - span tydens die Reza de Wet toneelfees. Foto: Verskaf



Kaylee in toneelstuk as Emma. Foto: Verskaf


# Die verhaal van Bloedval

Shiloh Smith

Almal vertel nou en dan 'n onskuldige witleuentjie. Miskien het jy al huiswerk afgeskryf, of gesê jy voel siek net om nie skool toe te gaan die dag nie. Dalk het jy "vergeet" van die ekstra klas of vir jou afrigter gesê jy het 'n ander afspraak die middag net omdat jy nie oefening wil bywoon nie. So as jý dit mag doen, kan ek dit seker ook doen? Dan kan enige iemand dit mos doen?

Dít is die verhaal van Bloedval. In dié arm dorpie in Suider-Afrika het die inwoners hiérdie konsep gereeld toegepas. Een winter het daar 'n vloek op Bloedval neergesak. Dit het die dorp soos 'n stroomtrein sonder brieke getref.

Hierdie absurde riller vertel die verhaal van Bloedval vanuit die oogpunt van vier kinders wat in die dorp grootgeword het. Bloedval is geskryf deur Robert Kruger. Juffrou Elizri Malan het die regie behartig. Dit sal jou vir seker op die punt van jou stoel laat sit soos die verhaal ontvou.




Die rolle word vertolk deur Jandré van der Walt, Suné Deacon, Elanelle Strydom en JD Joubert. Hierdie akteurs sleur jou mee op hierdie bloederige avontuur, en jy kan nie help om alles saam met hulle te voel nie.

Die absurde riller is geskryf op 'n manier wat verseker dat elkeen in die gehoor hulle eie unieke ervaring en belewenis op die toneelstuk kan toepas. Bloedval vra elke individu om in te koop in 'n wêreld wat vreemd voorkom, maar jou tog innooi. Jy voel welkom, ongemaklik, en selfs geskok soos wat jy in die nuwe realiteit begin leef.

Daar is om elke hoek en draai 'n nuwe verrassing, en jou mond sal oophang wanneer die gordyn sak. Bloedval sal in jou maag gaan lê en lank vat om te verteer; tog sal jy dele van toneelstuk saam met jou dra op die reis van die lewe... Dele wat vir jou op verskeie plekke baie waardevol sal wees.

Kom beleef Bloedval saam met die Tienertoneel-span en kyk watter versteekte boodskappe op jou wag. Sal jy die geheime wat aan die stroppe in die dorp hang kan ontrafel?



Akteurs: Elanelle, Jandré, Suné en JD (onder) in die bloederige avontuur – Bloedval. Foto: E. Malan

# Rosestad Kampioene



**Adelé Pienaar**

In 'n skool waar elke nuwe jaar met dieselfde woorde afgeskop word — "Elke span is belangrik, van die A-span tot die E-span" — het ons 0/19C-netbalspan iets besonders gedoen. Hulle het nie net gespeel nie. Hulle het gewen. Hulle het nie net gewen nie. Hulle het die stadsliga gewen!

Die 0/19C-span het hierdie seisoen regtig gewys wat spanwerk, deursettingsvermoë en pure talent beteken. Van hul eerste wedstryd af was dit duidelik: Hierdie groep het gekom om die kompetisie op hul neuse te wys! Met slegs 'n handjievol nederlae deur die hele jaar, is dit duidelik dat hul rekord nie net "goed" is nie — dis kampioenmateriaal!

Wat mense dalk nie sien nie, is wat agter die skerms gebeur. Die sweet. Die blou kolle. Die op-offerings. Hierdie span het elke dag opgedaag — soms moeg, soms koud, soms met huiswerk wat wag — maar altyd daar, altyd gereed om te oefen en beter te word. Hulle het nie net vir hulself gespeel nie, maar vir mekaar. Want dit is wat hulle 'n wenspan gemaak het: ware spanwerk en 'n ongelooflike toewyding aan hul sport én aan mekaar.

Maar geen groot wenspan is volledig sonder 'n merkwaardige afrigter nie — en dié een is 'n ster in eie reg. Juffrou Nicolene Joubert was die dryfkrag agter hierdie span se sukses. Met haar passie vir netbal, haar positiewe gees en haar onwrikbare geloof in elke speler, het sy nie net hul tegniek geslyp nie, maar hul harte geïnspireer. Sy het nie net afgerig nie; sy het self-vertroue gebou, en spaneenheid en ware sportmanskap gekweek.

Die 0/19C-span het gewys wat dit beteken om ware sportsterre te wees. En of hulle op papier nou eerste of derde is, hulle sal altyd in ons oë wees: eerste plek vir trots, spanwerk, deursettingsvermoë en 'n coach wat hulle met haar hele hart ondersteun het.



**'n Opgewonde o.19 C-span ná die finaal.** Foto: Johan van der Wath

*Vervolg van bladsy 4*

handboek. Net op 'n digitale muur."

Maar dan is daar die onderwysers. Party weet (Mevrou Millie). Party vermoed. Maar baie weet nie hóé om teen KI te veg nie, en selfs of hulle moet veg nie.

Ons hoofdogter, Lisa Botha, sê iets wat vashaak:

"JF moet nie noodwendig 'n beleid teen KI instel nie. Ons moet ophou veg teen onvermydelike verandering. Ons moet KI leer gebruik. Slimmer. Kreatief. As ons aanhou terughou, gaan JF agter word. Daarom moet ons dit omkeer en eerder as 'n wapen gebruik om JF en sy leerders vorentoe te dryf."

So wat nou? Gaan KI ons onderrig verbeter... of uitwis?

Die dilemma is skerp. As leerders géén KI gebruik nie, raak hulle agter op 'n wêreld wat vooruit storm. Maar as hulle KI vir alles gebruik, verloor hulle hulleself.

Aanvanklik het ons gesê, "Gebruik ChatGPT net vir inspirasie. Gebruik Grammarly om jou grammatika te verbeter." Nou doen dit ons werk. Ons dink nie meer nie. Ons tik net.

En toe gebeur dit: Die masjien weet méér as die onderwyser. Skielik vra kinders: "Waarom moet ek luister? Die masjien is vinniger. Beter."

Hierdie nuwe onderwyser is nooit moeg nie. Hy raas nie. Hy vergeet nie jou naam nie. Hy antwoord onmiddellik. Hy is altyd daar. Maar...

Hy verstaan jou nie. Hy voel nie vir jou nie. Hy het nie daardie meneer-De Wet-humor nie. Hy lag nie vir jou grap nie. Hy gee nie om as jy sleg voel of 'n slegte dag het nie. Hy sien jou nie.

Jy is net 'n opdraglyn.

Die gevaar is nie dat KI slimmer is nie – die gevaar is dat dit jou onmerkbaar vervang. Jy sien nie hoe dit jou denke vorm nie. Jy sien nie hoe jy verander van 'n leerder in 'n gebruiker nie. Jy kry punte. Jy slaag. Jy voel slim. Maar jy het niks ontdek nie. Jy het niks geleer nie.

Jim Fouché se nuwe onderwyser is dalk 'n masjien...

Maar die vraag is: Hoe lank nog voor ons ook masjiene word?

# SA Skole pluimbal

## *JF wys fokus, vaardigheid en spoed in elke hou*



**Karli Botha**

JF het weer gewys wat in hulle steek tydens die jaarlikse Pluimbal SA Skoletoernooi wat vanaf 26 – 30 April 2025 in Durban gehou is. Die atmosfeer was elektries soos wat die spanne mekaar aangemoedig het, en almal het goeie sportmanskap getoon.

Die span, wat bestaan uit vier dogters en vier seuns, het uitstekend gespeel, en daar was nie 'n enkele wedstryd waar hulle nie hulle alles gegee het nie. Die kompetisie was baie sterk, en ons kan met trots sê dat beide die seuns en die dogters 'n 4de plek behaal het. Soos verwag, was JF ook genomineer as een van die skole met die beste gees, maar dit was Hoërskool Alberton wat met die geesbeker huis toe is.

Ná die SA Skoletoernooi, het die Ope Toernooi gevolg, waar Christiaan Botha as die vierde beste enkelspeler aangewys is.

Ná die afsluitingseremonie is daar ook 'n "Fun Awards" gehou. Ons JF-leerders was vir verskeie van hierdie toekennings genomineer en het ook van hierdie toekennings gewen.

Baie geluk aan hierdie leerders wat JF se naam hoog gehou het!




**Meisies (links na regs): Sonja van der Merwe, Genevieve Muller, Kayla Labascagne, Karli Botha.** Foto: Verskaf



**Seuns (links na regs): Christiaan Botha, Andrew Kotze, Eben Sander, Ruben Koekemoer.** Foto: Verskaf

# Muurbalsensasie maak golwe landwyd



**Adelé Pienaar**

**Muurbalsensasie maak golwe landwyd: Benedette van Tonder klim die suksesleer**

Wanneer talent, harde werk en vasberadenheid saamkom, gebeur daar iets besonders. Soos wanneer 'n jong sportster haar drome agternasit en haar naam op nasionale vlak laat hoor. Só het Benedette van Tonder, graad-11 leerder van Hoërskool Jim Fouché, die land onlangs laat regop sit met haar indrukwekkende vertonings op die muurbalbaan. Sy speel nie net vir oorwinnings nie – sy speel met hart, karakter en die soort dryfkrag wat ware kampioene vorm.

Met vasberadenheid in haar hart en 'n raket in die hand, het Benedette onlangs 'n indrukwekkende 11de plek by die SA Schools Closed in Johannesburg verower – een van die land se mees kompeterende toernooie vir jong muurbalspelers. Dié prestasie is geen toeval nie. Benedette, wat al van jongs af muurbal speel, het reeds in Maart by die Growthpoint SA Nationals Regionals in Bloemfontein haar stempel afgedruk. In haar eerste jaar in die o.19-afdeling wys sy nie net vaardigheid nie, maar ook vasberadenheid wat selfs deur volwassenes bewonder word.

Wat Benedette besonders maak, is nie net haar spel nie – maar wie sy is buite die baan. Sy is uiters hard op haarself, altyd op soek na maniere om beter te wees. Sy het ongelooflike deursettingsvermoë, gee nooit op nie, en dra haar medespelers op die hande. Sy wil altyd help waar sy kan, al is sy sélf onder druk. Ondanks haar intense fokus op prestasie, maak sy tyd om saam met haar vriendinne te lag en herinneringe te skep.

Een van haar mees inspirerende oomblikke was toe sy onlangs haar eie provinsie se senior vroue nommer een geklop het in 'n vriendskaplike wedstryd ná 'n spanningsvolle vyf stelle. "Ek het vir die eerste keer in 'n lang tyd weer geniet om te speel. Dis toe ek besef het ek ís goed genoeg," vertel sy eerlik.

Met die ondersteuning van haar afrigter, Michael Deutschmann, en haar fiksheidsafrigter, Elsabé le Roux, is Benedette vasbeslote om steeds hoër te klim. Haar grootste dryfkrag? "God en my pa. Hy's altyd daar – my stil vegter."

Sy sien nou uit na die Growthpoint SA Nationals wat van 14 tot 17 Augustus 2025 by die V&A Waterfront in Kaapstad plaasvind. Hierdie toernooi, wat op 'n glasbaan aangebied word, is een van die hoogtepunte op die Suid-Afrikaanse muurbalkalender, en bied aan spelers soos Benedette die geleentheid om hul vaardighede teen die land se beste te meet.

**Benedette van Tonder is nie net 'n muurbalspeler nie – sy is 'n inspirasie.**



**Muurbalsensasie, Benedette van Tonder behaal sukses.** Foto: Verskaf



NWU PUKKE

KWIKSPAR GARDENIA PARK

i'm lovin' it

Oester Sportuur
Sport en Kultuur

# Twee pare helde op die JF-sportvelde

*Coetzee-sussies en Wilken-boeties kook*


Elshari Pietersen

**Een ding wat almal oor sport weet - ongeag daarvan of hulle sportief is of nie - is wie almal in die eerste spanne is. En dan is daar dáái paar atlete wat nie net in één sport vir die eerste span speel nie. Dan verbaas dit mens ook nie wanneer hulle boetie of sussie ook by daardie paadjie afstap nie.**

Wel, daar is twee pare familielede in Jim Fouché wat beide werk om die skool se naam hoog te hou deur vir twéé sporte se eerste spanne speel. Ontmoet vir Niqlynn en Miqnia Coetzee, sowel as vir Cobus en Niel Wilken.

Niqlynn en Miqnia speel vir beide vir die eerste hokkie- en netbalspan, terwyl Cobus en Niel vir sowel die eerste hokkie- as die eerste krieketspan speel.

Al vier van hulle het al van graad een af begin met hul sporte, maar volgens Cobus Wilken was die twee boeties al van die ouderdom van ses maande oud al blootgestel aan krieket. Hulle liefde vir sport is hoofsaaklik deur hul ouers gekweek, tot hulle later self die begeerte ontwikkel het om op die sportveld te gaan speel.

Dié vier sportsterre verkies spansport, omdat hulle eerder as 'n span wil wen as alleen. Vriendskappe met spanmaats is ook baie belangrik, en natuurlik het hulle ook 'n passie vir dié sportsoorte. In kort is dit waar hulle hulle potensiaal die beste kan ontwikkel, en die sport wat hulle die meeste geniet.

Ten spyte van al hul prestasies bly die vraag staan oor hoe hulle dit regkry om gemotiveerd te bly deur die jaar met al die druk van akademie en sport. Vir Niel is dit omdat sport hom aktief hou en hom toelaat om weg te breek van realiteit en akademie. Cobus bly gemotiveerd deur sy oog op die einddoel te hou, waar hy al sy insette van die jaar vrugte kan sien afwerp. Miqnia sê dat die idee dat haar sussie dit saam met haar doen haar moed gee, en Niqlynn hou nie net haarself gemotiveerd nie, maar sy het ook wysheid vir ander matrieks.

"Matriek is rof, en die dae raak lank, maar die belangrikste is om 'n balans te kry en tyd vir jouself te maak. Jy moet onthou waarom en vir wie jy doen wat jy doen. Wanneer ek oorwerk of bedruk voel en motivering nodig het, is my eerste gedagte om te bid. Daar is niks wat die Here nie kan doen nie. Jy moet weet waar jou krag vandaan kom." Dit is háár wyse woorde toe vir haar gevra is hoe sý gemotiveerd bly.

Elke sportheld het natuurlik ook 'n rolmodel. Vir Niel en Cobus is dit natuurlik die kriekethelde, Dale Steyn en AB de Villiers. Miqnia se rolmodel is haar ouer sussie, wat sy al van kleintyd af dophou, en vir Niqlynn is dit haar ouers.

Hulle het almal goeie raad vir jonger atlete wat ook graag eendag vir die eerste span wil speel.

"Stel vir jouself 'n doelwit en bly net aanhou werk daarvoor, en moet nooit moed opgee nie!" sê Niel Wilken. Miqnia sluit hierby aan: "Almal moet iewers begin; moenie opgee nie – veral as dit moeilik raak. Glo in jouself, en leer om kritiek te hanteer. Alles gaan nie altyd goed gaan nie. Moenie afkyk nie, kyk op en vertrou op die Here."




**Dubbele aksie en talent vir die boetie- en sussiepaar.** Kollage: A. Human


Toneelstuk
Wanneer die wind draai... 8


Netbal
JF skitter in kampioenskap 9

KONICA MINOLTA




# Ek wonder… en dink… en weet soms

**Amoné Verwey**

Ek **wonder** soms waarom ons nog Afrikaans praat in hierdie wêreld? Suid-Afrika is maar 'n klein landjie en dit lyk of my taal al meer marginaliseer word. Moenie daaraan dink om op ons grootste lughawe in Afrikaans bedien te word nie. Die kans is ook goed dat jy in stilswye onderlangs bejeën gaan word wanneer jy die Taal bésig tydens 'n inboeksessie by 'n internasionale hotel in Johannesburg.

Na my laaste sodanige kommunikasiesessie plons ek neer op die gemaklike rusbank in die ontvangsarea. Nogal besig. Vol mense. Mense wat kom en gaan. Ek hoor Zulu, Frans, baie Engels en sommige werklik volksvreemde woordewisselings vir my. Ek is oortuig dat die oom met kouse in sy sandale my ook nie sal verstaan nie. Moet 'n Duitser wees.

Ek **dink** aan my onlangse besoek aan Namibië. Ek kon daar baljaar in my moedertaal. Van die lughawe tot die hotel en verder oor die vlaktes roer Afrikaans in mense se gedagtes. Op die atletiekbaan was dit 'n ander storie. Die Namibiërs en Suid-Afrikaners kon lekker skerts in Afrikaans, maar sodra ander nasionaliteite naderstaan het ons maar oorgeslaan na Engels. Dit was ook lekker, al kon hulle nie Afrikaans praat nie. Wit, swart, bruin en allerhande ander skakerings wat my kleurbeskrywings vaardighede uitdaag. Dit het vir my gelyk of almal goed oor die weg kom en of my boere aksent Engels goed afgegaan het.

Terug in Suid-Afrika was dit maar 'n bitter pil om te sluk deur die Engelse internasionale toer strukture. Oral word my ore egter gekielie deur die helder klanke van my moedertaal. Ek merk op dat die spreektaal van 'n groot deel Suid-Afrikaanse toeriste myne is. Hulle lyk nie noodwendig soos ek nie. Nogtans voel ek sommer welkom by hulle. Professor Hein Willemse het nie verniet opgemerk dat twee derdes van Suid-Afrikaners Afrikaans praat nie. Na 'n honderd jaar van status as amptelike taal is dit seker te wagte.

Dit maak seker sin dat 'n werker wat internasionale toeriste bedien nie noodwendig Afrikaans hoef te praat nie. So ook dat nie teen die Taal diskrimineer behoort te word deur oningeligte mense wat dit as 'n apartheidstruktuur sien nie. Afrikaans is immers hier, in Suider Afrika, gebore. Mense van verskillende kulture en agtergronde het dit help vorm tot wat dit vandag is: Uniek, eie aan Suider Afrika en lekker. Die Taal wat ons bind soos 'n fontein in die woestyn. Ek dink aan die sêding: Eenheid met diversiteit.

Kom ons Afrikaanssprekendes reik uit en waardeer mekaar meer oor kultuur- en kleurgrense. Party van ons prááT Afrikaans, ander bésig hom en ander góói. Almal is mooi. Daar is soveel meer wat ons saambind as wat ons skei. Ek *weet* dat ek dit gaan doen.

## My Taal

Aan die begin was jy soos môrelig oor
die vlakte,
sag soos reëndruppels op sink,
suiwer soos 'n kind se eerste woord –
my taal,
gebore uit stof, siel, en stilte.
Jy het geleef in groot ou woorde,
in gesange om die vuur,
in boere se smeek gebede
en ouers se stille raad.
Jy het gebloei in gedigte,
geraas in liedere van trots,
jy was nie net klanke nie –
jy was grond,
jy was bloed,
jy was ons.
Maar nou hoor ek jou kreun
in die hoeke van vergete klasse,
jou name weggevee van borde,
jou stem oorskree deur skerms.
Hulle sny jou oop
met Engels wat blink,
vervang jou hart
met 'n taal sonder wortels,
en noem dit vooruitgang
terwyl jy stadig versmoor.
Jy was eens 'n huis –
nou's jy 'n kamer wat niemand meer
gebruik nie,
vol stof en eensaamheid.
Maar selfs in jou brose asem
bly jy myne.
Ek dra jou in fluisteringe,
in gedagtes,
in gebede sonder klank.
Want my taal –
jy is dalk beseer,
maar jy is nie stil nie.

~Maruné Dreyer

# Die Stilte

**Marisa Els**

Ek het nooit van die stilte gehou nie.

Dit was altyd stil in die huis. Niemand het gepraat nie, niemand het gekuier nie. Dit het gevoel asof ek alleen was. Partymaal, as ek by die huis aangekom het, het ek gewag om iets te hoor. Niks. Soos altyd.

Ek hoor altyd stories van huise wat amper wil bars met energie. Vriende het my vertel hoe hulle gesin nooit stilbly nie en hoe dit hulle grensloos irriteer. Ek het gewens my gesin wil my irriteer met hul geselskap.

Ek het nooit regtig verstaan hoekom my huis so stil is nie – so dood. Hoekom kon ander huise saam etes geniet, saam kuier, saam lag en nie myne nie?

Hoekom is my gesin so anders? Ja, my ma het vir etes gesorg en Pa het seker gemaak ek slaap warm en ek et gedink dis genoeg – dis mos wat ouers moet doen.

Ek het altyd hierdie gevoel van isolasie. Dit is soos 'n muskiet in die somer. Jy hoor hom nie altyd nie, partymaal is sy teenwoordigheid nie altyd so duidelik nie, maar jy weet dit is daar. Altyd daardie sagte gefluister in jou agterkop.

Ek was permanent by vriende, skoolfunksies en winkelsentrums, want as ek te lank by die huis gebly het – het die stilte oor my neergesak soos n koue kombers wat nooit heeltemal wil warm word nie.

Eendag het daardie kombers verdwyn. Nie saggies nie, nie stelselmatig nie, maar soos 'n bom wat in die middel van 'n voorstad ontplof.

Nou is dit nie meer stil nie – maar 'n oorlog van woord, deure wat klap en ouers wat raas.

Soms kyk ek versigtig by my deur uit, dan sien ek net 'n flits van my ma se rooibruin hare en my pa wat woedend beduie. Ek het geleer om my asem op te hou wanneer ek die spanning op my vel kan voel.

Die stilte was koud, maar hierdie geraas – hierdie konstante oorlog – is uitputtend.

Nou mis ek die stilte en daardie koue kombers…



Afrikaanse skryfkompetisie

# Idiomedag

ATKV Jeugtak

ATKV

























# My lewe in kastele

**Jaco Deysel**

My kinderhuis was 'n kasteel. Dit was wel 'n tweeslaapkamer vir ses, maar in my magiese verbeelding was dit my kasteel.
Die beeldskone prinses was my ma. Haar hemelblou oë en soetsagte blik het hierdie kleine ou huisie soos 'n koningryk van bo laat voel.
Pa se borsplaat het hom my dapper koning gemaak. In die stryd van die lewe daar buite was hy 'n gedugte soldaat, maar binne die vier mure van my kasteel was hy die liefdevolle vredemaker.
Bloubergstrand was deel van ons heerskappy. Ons jaarlikse sandkasteelkompetisie is hier gehou. Ek, my pa en die sand. Pa het die "heilige grond" genoem.
Die reëls was eenvoudig: die kasteel wat die angste teen die aanslag van die golwe kon staande bly, het gewen!
Maar jaar na jaar het dieselfde skoenafdruk my pa se kasteel tot die grond gebring.
Ek het wéér gewen!
Dit is eers nou dat ek agter 'n baard kou dat ek daardie skoenafdruk as my pa s'n herken...
My ma se staaltjies vertoef nou nog in my drome. Die soet reuk van warm sjokolade talm deur die kasteel soos ek in haar staaltjie verdwyn:
'n Jong prins moes 'n duur les oor materialisme leer. Dié prins het sy waarde aan sy aardse koninkryk gemeet en uit geldgierigheid die geluksgod vertrou. Hy het sy koninkryk in 'n weddenskap geplaas...
Hy het verloor. Hy het alles verloor.
Dit neem my terug na my pa se oeroue gesegde: "Soek eers die koninkryk van God..."
Soos 'n ontdekkingsreisiger met rooimiere, het ek gaan soek.
Die Londen Toring, Paleis van Versailles, Buckingham Paleis en selfs die Withuis in Amerika kon my soektog nie bevredig nie.
Sulke gedugte geboue met Italiaanse afwerkings en peperduur aksente, maar steeds is hulle so leeg in gees soos 'n kerk op 'n Vrydagaand.
Nou dat ek oor my eie kasteel heers, verstaan ek my pa uiteindelik.
Nou dat ék die koning is en die euwel van die lewe vir my kind moet beveg, besef ek dat jy nie 'n oorlog alleen veg nie. Jou familie is jou weermag, bankvas soos een man agter jou.
Nou dat ek mý seun die sandkasteelkompetisie "per ongeluk" laat wen, besef ek hoekom my pa dit gedoen het as ek in sy joviale oë kyk.
Die koninkryk waarvan my pa gepraat het, sal ek nie in Engeland, Amerika of Frankryk vind nie. Ek het die klaar gevind.
My familie.
My seun is 'n kasteel. Ek kan slegs 'n tweeslaapkamer bekostig, maar hy is tevrede. Hy weet dat sy koninkryk nie die kasteel of sy besittings is nie, maar sy familie.
Ons het gewen.




## Die taal van my hart

My taal was eens soos skoon
rivierwater,
stil en sterk,
vol die geur van erfgrond en ou mense
se wysheid.
Ek het dit gehoor in my ma se gebede,
in my pa se stil raad om die tafel,
in kinderstemme wat respek leer met
elke woord.
Dit was nie net klanke nie –
dit was kosbaar,
'n huis vir my hart.
Maar nou hoor ek dit nie meer so nie.
Nou hoor ek voëlwoorde,
hard en leeg,
vloek op vloek wat sonder gevoel in die
lug lê.
Ons praat sonder betekenis –
ons gooi net klanke rond,
en noem dit grappies.
Hulle skree, hulle spot,
hulle breek af wat ek liefhet.
Vuil taal het skoonheid gestroop,
en ek voel hoe my taal
elke dag bietjie vir bietjie sterf.
Ek voel soos die laaste een
wat nog probeer stil praat,
mooi praat,
reg praat.
My taal is nie dood nie,
maar sy's moeg.
En ek dra haar nou alleen,
soos 'n kind sonder huis,
op soek na iemand wat nog sal luister.

~Maruné Dreyer

## Afrikaans

Met r'e wat rol soos n rolbal op die gras
Met C's en Q's so min soos mis in die woestyn
Is ek trot om jou MY taal te noem

Met n ietsie van als in jou DNA
Of met ietsie nuuts uit n ervare mond
Bevat jy woorde van oral oor

Woorde wat wysheid ken
Woorde wat hartseer trotseer
Woorde wat geluk in prente van blomme en
goudgeel strande omsit

My jong onervare taal
My taal wat oorloë trotseer het
Die taal wat die wêreld vol gereis het
Terwyl hy rustig op my kombuis stoel gesit het

My evolusionêre taal
Wat vele lippe uit verhaal
Aan wêrelde om te hoor
Jy was slegs n kleine taal
Toe verre lande jou kom haal

My taal Afrikaans
Wat in skadu's van oeroompies gewoon het
Wat minderwaardig geag is nest die
afgeroomde melk
Die taal wat as kombuis stoflap geag is

My eeue oue taal wat groter as sy oompies is
My taal wat vinniger as onkruid gegroei het
My trotse taal My onderig taal
My moedertaal

My taal wat ouers uit die diepte van hulle harte
praat
Die taal wat om die boere se lippe rus in die
grootste nood

My taal wat vele liedjies groot maak uit n liefde
volle moederskoot
Of sprokies vir die koue nagte warm Hou
Die taal wat films vir jare se onthou verbou
Of gedigte wat oorloop van woorde van liefde
soos n waterval
My Hollywood taal
My reddings taal
MY taal
Afrikaans

Dis my taal
Dis jou taal
Dis ons taal
AFRIKAANS

- Jacobus Lourens



Oester JF
Die storie agter die stories

**Het jy geweet?**

**Afrikaans is die derde grootste taal in Suid-Afrika**

#TROTSJF #AFRIKAANS100

## Onderwysers

Hulle dra nie net broeke nie,
maar drome
Op skouers
swaar van hoop.
Hulle staan voor klasse
vol ore wat nie luister nie,
maar hulle praat asof
elke woord n sleutel is.
Hulle veg teen witborde en
roosters,
met vra sonder antwoorde
en kinders wat soms meer seer
as kennis dra.
Hulle is meer as net
onderwysers.
Hulle is ons ouers by die skool.
Ons vuurtoring
wat die rotse duidelik
maak.

~Maruné Dreyer



Oester JF

**Woord van die week**

**REËNBOOGVOET**

**FOUCHÉ FLIKKER**

**Betekenis:**
Iemand met kleurvolle of fantasievolle bewegings of drome.

**Hoe om dit te gebruik in ń sin:**
Sy loop met 'n reënboogvoet vol drome en verbeelding.

#TROTSJF #TROTSAFRIKAANS #OESTERJF #JFOESTER #AFRIKAANS100

# Vlug 247

**Henré Linde**

Kom ek vertel jou 'n storie... 'n Storie van 'n voël, met vere en vlerke van staal, wat brul en grom in plaas van fluit, wat hoog en vinnig vlieg en wat die Blyderivier sy laaste huis genoem het. Dis reg, ja. Ek praat van SAA vlug 247.

1 November 2017, 'n doodgewone dag. Die atmosfeer in Bram Fischer Internasionale lughawe is een van opwinding. Dis besig, maar niks buitengewoon. Mense drom rondom die deure van die lughawe soos vlieë rondom nagereg, elkeen met die doel om die aarde agter te laat. Ten einde klim 347 passasiers op die Boeing 747. Vlug 247 is gereed om op te styg.

In die lug, die land daar doer onder in die verte, dit lyk soos 'n lappieskombers rondom die aarde... Lapland. 'n Rustige atmosfeer. Die mense sweef in die lug. Lugwaardinne bring kort-kort peuselhappies vir die passasiers. Die TV-skerms speel verskeie films. Hulle geniet hulle gate uit. Die perfekte begin vir 'n lieflike vakansie...

En toe... moeilikheid!

In die kajuit flikker daar ligte. 'n Sirene lui. Verstomd probeer die kapteine uitvind wat fout gegaan het. Tot dusvêr was daar geen probleme met die Boeing nie, so hoekom is daar nou? Uiteindelik word die geheim ontmasker; een van die lugwaardinne kom die kajuit binne gestorm. "Die vliegtuig se enjins brand!"

Geskok! Die kapteine probeer protokol volg en sit twee van die vier enjins af. Stilte... Afwagting... Klink asof dit gewerk het. Nee, die vliegtuig begin duik soos 'n Olimpiese swemmer van 'n duikplank af. Paniek! Die outomatiese robot stem skree net "Trek op! Trek op!". Hoekom het die vliegtuig so skielik begin val? Met al hul mag en krag probeer die kapteine die Boeing stabiliseer, maar hul dade is tot niet...

Die Boeing 747, 'n brandende meteoriet, val verder grond toe, nader en nader aan die Mpumalanga natuurskoon. Die brullende geluid van die vliegtuig is een van bekommernis. Mense gil; tasse, glase, koppies val en breek in alle rigtings in. Die kapteine probeer als wat in hul vermoëns is, maar bly misluk.

HELP!

Met sy laaste beweging tref die Boeing die bodem van die Blyderivier met 'n reuse ontploffing, wat als rondom dit skroei. Die puin versprei soos konfetti oor die vloer van 'n partytjie. Hier en daar brand iets. Wat eens 'n Boeing was is nou brandende rommel. Vlug 247 het die wêreld verlaat... weg!

Verby... Verdwyn...

Die storie van Vlug 247 is een om te onthou. 'n Tragiese gebeurtenis, die "Romeo en Juliette" van die lugmag. Alhoewel tragies, is dit tog belangrik. Pyn en smart bevorder groei, en sonder groei staan ons stil.

